UNIVERSITY EXAMINATIONS UNIVERSITEITSEKSAMENS

| Unique number of paper<br>Unieke nommer van vraestel |
|---|
| 457000 |

UNISA

**CMP102-4** ( 457000)

Oktober/November 2002

## STRAFPROSESREG 102

Tydsduur : 2 Uur 100 Punte

EKSAMINATORE :

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE : | PROF PM BEKKER<br>ADV T DEANE | PROF K ALHEIT |
| TWEEDE : | PROF JJ JOUBERT | |

---

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye plus instruksies vir voltooiing van 'n merkleesblad.**

**HIERDIE VRAESTEL TEL 'N HONDERD PUNTE EN BESTAAN UIT TWEE AFDELINGS GEMERK A EN B. AFDELING A TEL 25 PUNTE EN AFDELING B TEL 75 PUNTE. U MOET ALBEI AFDELINGS BEANTWOORD. AFDELING A BESTAAN UIT 25 WAAR- OF VALS STELLINGS WAT U OP 'N APARTE MERKLEESBLAD MOET INVUL EN AFDELING B BESTAAN UIT DRIE VRAE WAT U IN DIE ANTWOORDBOEK MOET BEANTWOORD.**

## AFDELING A

**NB: Beantwoord asseblief hierdie vrae op die merkleesblad wat saam met u antwoordboek aan u uitgereik word. U moet die instruksies oor die voltooiing van die merkleesblad sorgvuldig deurlees. Versuim om dit te doen kan daartoe lei dat u antwoorde nie deur die rekenaar nagesien kan word nie.**

Hier volg 25 vrae (gemerk 1-25). Elke vraag bestaan uit 'n stelling wat WAAR of VALS is. U moet besluit of elke stelling waar of vals is en dit dienooreenkomstig aandui op die merkleeskaart wat aan u verskaf is. Indien stelling 1 WAAR is, dui u dit aan deur 'n strepie deur [1] by vraag 1 op die merkleeskaart te trek, en indien dit VALS is, trek u 'n strepie deur [2] by vraag 1. U het dus slegs die opsie ~~om [1] of~~ [2] ~~langs elke vraag te kies. So~~ gaan u voort totdat u al 25 stellings oorweeg het.

**ONTHOU: [1] dui WAAR aan**
**[2] dui VALS aan**

[BLAAI OM]

**Vraag 1**

Die staat is gebonde aan die opsomming van die feite van die saak soos dit in die akte van beskuldiging verskyn, en kan verhinder word om getuienis te lei wat dit weerspreek.

**Vraag 2**

Indien die beskuldigde meen dat die besonderhede in die klagstaat te karig is om hom/haar presies in te lig aangaande die aanklag, kan hy/sy aansoek doen om nadere besonderhede.

**Vraag 3**

X en Y het 'n winkel beroof. Die volgende môre hoor hulle dat die polisie in hulle gebied 'n soektog gaan loods. Derhalwe vra hulle 'n vriend, Z, om die goedere wat hulle die vorige nag gesteel het, weg te steek. X, Y en Z kan nie gesamentlike verhoor word vir dieselfde misdryf nie omdat Z nie 'n deelnemer aan die betrokke misdryf roof was nie.

**Vraag 4**

Y verskyn in die hof op 'n aanklag van moord. Die assessor wat saam met die regter sit, beskik oor inligting dat die beskuldigde vroeër dieselfde aand betrokke was in 'n skietvoorval. Hierdie inligting word nie voor die hof geplaas deur middel van getuienis tydens die verhoor nie. Dit sal 'n onreëlmagtigheid wees indien die assessor rekuseer of onttrek van die saak.

**Vraag 5**

Indien die beskuldigde in sy/haar kruisondervraging van staatsgetuies deur die hof belemmer word, mag dit die gevolg hê dat die skuldigbevinding by hoër beroep ter syde gestel word.

**Vraag 6**

Vonnisoplegging kan uitgestel word vir 'n maksimum tydperk van 10 jaar op een of meer voorwaardes.

**Vraag 7**

Enige aantal misdade kan in een klagstaat teen dieselfde beskuldigde gestel word al kom dit neer op splitsing van aanklagte.

**Vraag 8**

X is 'n moontlike getuie by 'n hoogverraadsaak. X is egter baie onwillig om te getuig. Die staat kan die aanwesigheid van X net by wyse van 'n dagvaarding afdwing.

[BLAAI OM]

**Vraag 9**

Indien die beskuldigde voel dat daar 'n moontlikheid van benadeling is as hy/sy saam met sy/haar mede-beskuldigdes verhoor word, sal dit voldoende gronde wees vir die hof om 'n skeiding van verhore te gelas.

**Vraag 10**

Wanneer die hof 'n beskuldigde direk vrae vra, is dit onreëlmagtig vir die regsverteenwoordiger om namens sy/haar kliënt die vrae te beantwoord..

**Vraag 11**

"n Verhoor mag nooit in die beskuldigde se afwesigheid voortgesit of afgehandel word nie.

**Vraag 12**

Assessore in hoërhowe het niks met vonnis te doen nie en dit is onreëlmagtig vir 'n regter om hulle voor vonnisoplegging ten aansien van die vonnis te raadpleeg.

**Vraag 13**

Getuies in strafverhore mag slegs hul getuienis *viva voce* aflê in die ope hof in die teenwoordigheid van die beskuldigde.

**Vraag 14**

Die aanklaer mag nie getuies roep in 'n verhoor in die hoërhof wie se name nie op die lys verskyn wat vooraf aan die beskuldigde verskaf moet word nie.

**Vraag 15**

In *Ndlangamandla* 1999 (1) SASV 391 (W) het die hof beslis dat geloofwaardigheid, waar dit van sulke swak kwaliteit is dat geen redelike persoon dit moontlik kan aanvaar nie, in aanmerking geneem moet word by die oorweging van 'n aansoek om ontslag van die beskuldigde ingevolge a 174 van die Strafproseswet.

**Vraag 16**

'n Regterlike beampte is geregtig om verdedigingsgetuies te kruisvra om onduidelike aspekte van die saak op te klaar.

**Vraag 17**

Waar 'n landdros 'n fout gemaak het met die notulering van getuienis kan hy of sy nie die fout regstel na vonnis nie.

[BLAAI OM]

**Vraag 18**

Die versuim om 'n beskuldigde van 'n bevoegde uitspraak in te lig kom neer op 'n noodlottige onreëlmatigheid wat die verrigtinge ongeldig maak indien die beskuldigde skuldig bevind word aan 'n oortreding wat die bevoegde uitspraak daarstel.

**Vraag 19**

Die Hoogste Hof van Appèl besit buitengewone jurisdiksie om na die finale afhandeling van 'n saak die heropening daarvan te gelas.

**Vraag 20**

Die Hoogste Hof van Appèl is bevoeg om 'n skuldigbevinding ter syde te stel sonder om na die meriete van die saak te verwys indien daar 'n onreëlmatigheid wat *per se* die verrigtinge nietig maak, plaasgevind het.

**Vraag 21**

In 'n appèl op 'n regsvraag, moet die hof van appèl beslis of daar getuienis is wat die bevinding van die hof *a quo* ondersteun.

**Vraag 22**

By appèl en hersiening is die partye beperk tot die getuienis wat in die oorkonde staan.

**Vraag 23**

Periodieke gevangenisstraf staan bekend as naweek-gevangenisstraf aangesien dit 'n vorm van straf is waardeur gevangenes slegs oor naweke aangehou word.

**Vraag 24**

Voorgeskrewe minimum vonnisse is ook van toepassing op oortreders wat tydens die pleging van die misdaad jonger was as 16 jaar oud.

**Vraag 25**

Waar X in Julie 2001 gevonnis is tot drie jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar opgeskort is vir 'n periode van een jaar, geld die opskortingsvoorwaardes eers vanaf Julie 2002.

[BLAAI OM]

## AFDELING B

**Hierdie afdeling bestaan uit drie vrae. U moet al drie vrae beantwoord in die antwoordboek. Let op dat u 'n keuse het in die laaste onderafdeling van elke vraag. Motiveer u antwoorde volledig.**

### Vraag 1

(a) Bespreek die bevoegdheid van 'n hof om sy eie uitspraak te wysig wanneer 'n onjuiste uitspraak of vonnis per abuis opgelê is. **(10)**

(b) A 213 van Wet 51 van 1977 het 'n verreikende verandering teweeggebring van die algemene reël dat getuienis by 'n strafverhoor *viva voce* gelewer moet word. Bespreek die inhoud en gevolg van hierdie verandering kortliks. **(5)**

(c) Nadat die staat sy saak gesluit het, doen die beskuldigde se prokureur aansoek om ontslag van sy kliënt. Wat staan die hof nou te doen? **(10)**

**OF**

Bespreek die samevoeging van persone wat afsonderlik aangekla is. **(10)**

**[25]**

### Vraag 2

(a) X is gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf op 'n aanklag van moord in die Durbanse Landdroshof. X is nie tevrede met die vonnis nie en wil graag appélleer teen die vonnis. 'n Tydpérk van 16 dae het verloop vandat die vonnis opgelê is. Bespreek hoe X te werk moet gaan om appèl aan te teken teen die vonnis. **(15)**

(b) Bespreek die statutêre beperkinge op die bevoegdhede van die Hoogste Hof Van Appèl met spesifieke verwysing na die tersydestelling of wysiging van skuldigbevindings op grond van 'n onreëlmatigheid. **(10)**

**OF**

Bespreek die verskil tusssen appèl- en hersiening prosedures. **(10)**

**[25]**

### Vraag 3

(a) Bespreek die begrip van billikheid teenoor die beskuldigde tydens sy/haar verhoor. **(15)**

(b) Bespreek die toepaslike beginsels by die versoek van 'n beskuldigde of sy/haar regsverteenwoordiger van die staat vir besonderhede of nadere besonderhede tot 'n akte van beskuldiging of 'n klagstaat. **(10)**

**OF**

Bespreek die beginsels wat van toepassing is op 'n aansoek om onttrekking van 'n voorsittende regterlike beampte. **(10)**

**[25]**

**Totaal: 100**

©
Unisa 2002